



# Vuk'uzenzele

GRATIS

'n Produk van die Regering se Kommunikasiediens (GCIS)

Afrikaans/Engels

Augustus 2015



Vanaf die Uniegebou

BI 3



'n Nuwe groeipad vir Afrika

BI 12



'n MIV-vrye generasie is moontlik

BI 13

## Boerin pluk vrugte van sukses



Thandeka Moseki van Stella in Noordwes is besig om 'n verskil in die landbou te maak.

soetrissies, aartappels, kool en sitrus verbou. Moseki sê sy het nooit gedink dat sy so ver met haar boerdery sou kom nie, veral omdat sy aan die begin baie foute gemaak het. "Ek het baie foute gemaak. Ek het nie altyd geweet wat om wanneer te plant nie en het die verkeerde chemikalieë gebruik, maar nou is ek baie meer seker oor wat om te doen," sê sy met 'n glimlag.

Sy verkoop haar produkte aan die plaaslike winkels, by betaalpunte, skole en skenk 'n deel aan 'n plaaslike kleuterskool. Moseki het sê mense in diens op die 36 ha-plaas. Die plaas huisves 52 skape, 18 lammers en 25 koeie. Daar is ook 'n boorgat vir besproeiing en drinkwater vir die vee.

Hoewel sy al haar merk gemaak het, sê Moseki sukkel sy nog met toegang tot kapitaal, markte en dat ander boere haar ondermyn. Dis maar net 'n paar van die struikelblokke waarmee vroueboere te kampe het. "Hierdie uitdagings motiveer my en ek sal alles in die stryd werp om 'n sukses te maak. Uitdagings bou my en maak my 'n beter mens. Ek dink dit is goed dat ek nou hierdie dinge oorkom terwyl ek nog onervare is." Sy sê sy gaan die R500 000 gebruik om verbeteringe aan die plaas aan te maak.

"Die geld van die departement is bedoel om met die verbetering van infrastruktuur te help en dit is waarvoor ek dit gaan gebruik."

### UITBREIDING VAN KENNIS

Sedert Moseki die toekennings gewen het, is sy hard aan die werk om haar kennis te

verbeter. Sy het 'n kursus oor die hantering van braaikuikens bygewoon en het onlangs 'n kursus oor bemerking bygewoon wat deur die departement befonds is. "Hierdie kursusse sal my help dat ek hoenders kan verkoop. Die bemerkingsaspek van die kursus het ook baie vir my beteken."

### SUKSES

Sy sê een van die redes vir haar sukses is harde werk, toewyding en mentorskap van naburige boere. "Hulle was baie behulpsaam. Ek het al hulle telefoonnummers en hulle het gesê ek kan enige tyd bel as ek hulp nodig het."

En hulp, die het hulle beslis. Sy onthou hoe haar buurvrou haar gehelp het om die regte chemikalieë vir haar aartappels te kies. Sy sê boere moet ophou om te veel op die regering te steun en begin om dinge vir hulself te doen. "Ons kan nie almal sit en wag vir die regering om iets vir ons te doen nie; ons moet ook ons deel doen en ons moet besef die regering is niks aan ons verskuldig nie."

Moseki sê sy wil graag binne die volgende vyf jaar haar produkte uitvoer; 'n droom waarvoor sy bereid is om hard te werk. "Kom ons volg in die voetspore van ons leiers wat geveg het vir ons bevryding. Dit is ons beurt om te veg vir ons ekonomie en om werk te skep," sê sy.

Boere met Moseki se vasberadenheid kan Suid-Afrika help om die uitdagings van armoede en voedsel vir die land op te los.

### Albert Pule

**A**l meer Suid-Afrikaanse vroue help die regering om armoede te beveg en werkgeleenthede te skep deur hul betrokkenheid in die landbou.

Oor die jare het die regering deur middel van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DLBV) programme ontwikkel wat daarop gerig is om vroue in die landbou te bemagtig. Een van hierdie aansporings is die Toekennings vir Vroulike Entrepreneurs, voorheen bekend as die Vroueboertoekennings.

Die toekennings beloon die pogings en bydraes van vroue, jong vroue en vroue met gestremdhede op die gebied van voedselsekerheid, werkskepping, ekonomiese groei en armoedeverligting. Sedert die ontstaan van die program in 1999 het meer as 2 000 vroueboere aan die toekennings deelgeneem.

Vuk'uzenzele het met een van die wenners van Toekennings vir Vroulike Entrepreneurs gesels wat groot opgang in die landbou maak. Thandeka Moseki van Stella in Noordwes vertel haar pogings tot dusver was nie maklik nie, maar met die ervaring wat sy oor die afgelope paar jaar opgedoen het, is sy vol vertroue dat dinge net beter gaan raak. Moseki is aangewys as die Beste Bestaansboer tydens die provinsiale Toekennings vir Vroulike Entrepreneur.

Hierdie kategorie is vir beginners wat innoverende en kreatiewe metodes aanwend om voedselproduksie, werkskepping en ekonomiese ontwikkeling te verbeter. Moseki het prysgeld van R75 000 ontvang asook 'n trofee en 'n sertifikaat van erkenning.

Nadat sy in Noordwes met die louere weg-

gestap het, het sy om die nasionale toekennings meegeding waar sy in dieselfde kategorie R150 000, 'n sertifikaat en trofee losgeslaan het. Sy het ook infrastruktuur ter waarde van R500 000 gewen.

Moseki het in 2011 begin boer nadat sy die plaas Grootverdriet 310 (Dirkiesrus) buite Stella gekoop het. Sy boer op 'n gemengdeboerdery waar sy klein- en grootvee grootmaak en groente soos spinasie, tamaties,

## Wathinta abafazi, wathinta imbokodo

### Maselaelo Seshotli

**I**n Suid-Afrika is Augustus nie net nog 'n maand nie. Dit is Vrouemaand, en op 9 Augustus vier ons Nasionale Vrouedag, 'n openbare vakansiedag. Vanjaar is ook die aanloop tot die 60ste herdenking van die Vroue-optog na die Uniegebou. Op 9 Augustus 1956 het 20 000 dapper vroue na die Uniegebou in Pretoria opgeruk om vir hul vryheid en teen paswette in die land te protesteer. Hierdie wette het vereis dat swart mense te alle tye 'n pas by hulle moes dra. Die pas is gebruik om segregasie en verstedeliking te beheer.

Die optog is deur die Federasie van Suid-

Afrikaanse Vroue (FEDSAW) gekoördineer en deur vier vroue gelei: Lillian Ngoyi, Helen Joseph, Rahima Moosa en Sophia Williams de Bruyn.

Die dapperheid van hierdie vroue om die stelsel uit te daag het tot die verandering en vooruitgang onder vroue van vandag gelei. Vandag erken die Grondwet vroue as gelyke burgers, met gelyke regte en verantwoordelikhede. Die Suid-Afrikaanse regering het groot vordering gemaak met betrekking tot die bemagtiging van vroue in die politieke, openbare en opvoedkundige sferes. As 'n land vier ons nie net die historiese, heldhaftige vroue van Suid-Afrika nie, maar ook die vroue van die huidige generasie wat help om deure vir

toekomstige jong vroue te open en om die stryd voort te sit vir die bemagtiging, bevryding en opvoeding van mekaar.

Suid-Afrika was onlangs die gasheer van die 25ste Afrika-unie-spitsberaad waartydens AU-ministers verantwoordelik vir geslags- en vrouekwessies die tweede AU-hoëvlakpaneel oor geslagsgelykheid en vrouebemagtiging gehou het. Die uitkoms van die vergaderings, onder die tema "Laat dit gebeur deur middel van finansiële insluiting van vroue in die landbousakektor," was 'n verklaring van en 'n beroep om optrede vir die finansiële insluiting van vroue in die landbousakektor. Tydens die vergaderings is die volgende bespreek: die implementering van vroue se om toegang, beheer, eienaarskap en die voordeel van finansiële hulpbronne, insluitend die werwing van onderwysers, die ontwikkeling van inligting en vaardighede, innoverende tegnologie en praktyke om ekonomiese bemagtiging van vroue in die.



## VEILIGHEID EN SEKURITEIT

# Operasie Fiela dra by tot vrede en orde

Bathandwa Mbola

**O**perasie Fiela maak vordering in die handhawing van vrede en orde in die land en verseker dat almal in Suid-Afrika vrylik aan ekonomiese en sosiale aktiwiteite kan deelneem. Ná die uitbreek van geweld in April was van die oorsake wat geïdentifiseer is, die afwesigheid van sigbare polisieëring en die persepsie van wanorde. Operasie Fiela is in April van stapel gestuur en teen die einde van Junie is 3 914 mense in hegtenis geneem. Onder hulle was 1 650 buitelandse burgers omdat hulle nie dokumente by hulle gehad het nie asook 2 264 Suid-Afrikaanse burgers wat in verband met verskeie misdade in hegtenis geneem is. Die misdade sluit in mensehandel, die besit van plofstof, die besit van dwelms, moord, roof, verkragting, asook die onwettige besit van vuurwapens, huisbraak en diefstal.

Die minister in die presidensie verantwoordelik vir Beplanning, Monitoring en Evaluasie, Jeff Radebe, wat ook die voorsitter van die interministeriële migrasiekomitee (IMK), het onlangs die media toegesprek en gesê hy glo die regering het daarin geslaag om gemeenskappe te stabiliseer wat in April onder geweld gebuk gegaan het.

### WET EN ORDE

"Deur middel van Operasie Fiela neem ons ons gemeenskappe terug sodat ons mense in vrede kan leef. Ons skep wet en orde. Ons wil 'n bevorderlike omgewing vir almal in Suid-Afrika skep sodat almal vrylik aan die ekonomiese en maatskaplike aktiwiteite kan deelneem," sê die minister Radebe.

Ander ministers wat tydens die mediasessie deelgeneem het, sluit in die minister van polisie, Nkosinathi Nhleko, die minister van maatskaplike ontwikkeling, Bathabile Dlamini, die minister van gesondheid, Aaron Motsoaledi en die minister van samewerkende regering



Operasie Fiela help om Suid-Afrika 'n veiliger plek te maak om in te woon deur wet en orde in die land te skep.

en tradisionele sake, minister Pravin Gordhan.

Die operasie, wat gelei is deur die Suid-Afrikaanse Polisieëring (SAPD) en ondersteun is deur die provinsiale en munisipale verkeersdepartemente en al die IMK-lededepartemente, soos die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag en Binnelandse Sake, het operasies in verskeie gebiede oor die hele land, soos Mayfair, Alexandra, Hillbrow en Sunnyside uitgevoer.

Minister Radebe het die werk van die ope-

rasie geskets en gesê operasionele sentrums is opgerig en bykomende wetstoepassers en hulpbronne word 24 uur lank ontplooi. "Ons intelligensiediens is ook gevra om geboue en gebiede vir kriminele elemente te ondersoek."

'n Distriksrampbestuurstelsel is ook in die lewe geroep asook 'n 24-uur-inbelsentrum.

Oor die kwessie van die herintegrasie van buitelandse burgers wat tydens die aanvalle verplaas is, sê die IMK die proses is in 'n gevorderde stadium.

### STAAN OP EN BOU

Operasie Sukuma Sakhe het ook ingegryp om herintegrasie van buitelandse burgers in gemeenskappe te bewerkstellig. Operasie Sukuma Sakhe - 'n Zulu gesegde wat "opstaan en bou" beteken - moedig gemeenskappe aan om saam met die regering hulself te mobiliseer. Dit is die eerste keer in KwaZulu-Natal bekend gestel.

Wat onwortelde buitelanders betref, sê minister Radebe 5 645 buitelandse burgers is vrywillig gerepatreer. Dit sluit in meer as 3 000 Malawiërs, 682 Mosambiekers, 1 240 Zimbabwiërs en 17 Tanzaniërs.

Verskeie burgerlike organisasies het Operasie Fiela daarvan beskuldig dat dit net op buitelandse burgers fokus en het vir heroerweging van die fokus van die operasie gevra. Minister Nhleko het egter beklemtoon dat die operasie nie wetsgehoorsame burgers of buitelanders teiken nie. Minister Motsoaledi het ook hierdie siening gedeel en gesê verskillende veldtogte binne en buite die omvang van Operasie Fiela is tot voordeel van gemeenskappe.

"Ons stuur spesiale operasies soos Operasie Fiela in ons departement van stapel. Daar is niks spesiaal of nuut wat dit betref nie." Hy het voorstelle verwerp dat buitelandse burgers nie dieselfde behandeling is by openbare gesondheidsgeriewe nie. "Die rede hoekom ons so baie mense op antiretrovirale behandeling het, is omdat ons almal in die land behandel, ongeag waar hulle vandaan kom ... behalwe vir siektes soos nieroorplantings wat spesiale gevalle is."

Minister Dlamini sê die ministerie het baie lesse oor operasies geleer. "Dit gaan nou beter want die regering werksaam," sê sy. Sy het opgemerk dat landsburgers in die verlede die regering genader het om in te gryp om misdadigers aan die pen te laat ry. "Noudat ons optree, word ons gekritiseer," sê sy en voeg by dat die regering teen almal wat die wet oortree, dieselfde sal optree, ongeag waarvan hulle kom.

# Keer selfoonseks en kuberboelies

\*Samona Naidu

**T**egnologie en die groei van die sosialemediaplatforms soos Facebook, MXit, Whatsapp, kitsboodskappe, video's en YouTube het die manier waarop kinders met mekaar kommunikeer verander.

Hierdie platforms stel kinders in staat om met vriende uit verskillende lande oor die wêreld heen te kommunikeer. Hoewel hierdie platforms 'n nuwe wêreld vir kinders oopmaak, hou dit verskeie nadele en gevare in. Meer mense gebruik deesdae sosiale media om misdaad te pleeg en niksvermoedende gebruikers te misbruik. Dit staan beter bekend as selfoonseks en kuberafknouery.

Die Departement van Justisie en Korrektiewe Dienste het onlangs 500 leerders van skole in die Vrystaat toegesprek om bewustheid op oor kuberafknouery en selfoonseks asook wetlike gevolge wat dit inhou, in te lig. Leerders is ingelig oor regsdiens vir slagoffers van kuberafknouery en selfoonseks, soos om 'n hofinterdik teen iemand te kry wat hierdie misdaad pleeg. 'n Interdik help die slagoffer om die teistering te stop. Iemand wat die interdik oortree, kan krimineel aangekla word.

Lerato Morutle, 'n leerder wat die werksessie bygewoon het, sê sy het geleer dat kuberafknouery en selfoonseks 'n misdryf is en dat 'n mens dit moet a meld. "Leerders moet liewer net die internet gebruik om navorsing vir werkopdragte te doen en niks anders nie," sê sy.

Nog 'n leerder, Tseki Mpolokeng, sê selfone moenie gebruik word om enigiets van 'n seksuele aard te stuur nie. "Ek het nie geweet dit maak my ook skuldig as ek seksuele video's en foto's aanstuur van iemand wat dit vir my gestuur het nie." sê hy.

Kinderhofbestuurder Pritima Osman het leerders

aangeraai om nie op hierdie soort boodskappe te reageer nie. "As iemand jou dreig om persoonlike besonderhede van jou te deel en jy vrees vir jou veiligheid, praat onmiddellik met 'n volwassene of die polisie."

As die kuberafknouery by die skool of kollege plaasvind, moet die persoon by 'n onderwyser gerapporteer word.

**Ouers moet op die uitkyk wees vir die volgende emosionele, akademiese en sosiale gedrag wat by slagoffers voorkom:**

- **Emosionele tekens:** Die kind raak teruggetrokke of skaam, toon tekens van depressie, is uiters buierig, angstig of te gespanne en toon tekens van aggressiewe gedrag.
- **Akademiese tekens:** Die kind wil nie skool toe gaan nie, kom by die skool in die moeilikheid, verloor belangstelling in die skool en hul punte ly daaronder.
- **Sosiale tekens:** Die kind hou skielik op om die rekenaar te gebruik, eet- of slaappatrone verander en die kind kry nagmerries, wil nie meer deelneem aan aktiwiteite wat die kind voorheen geniet het nie, probeer om hom/haarself te beseer, probeer selfmoord pleeg, en het skielik ander vriende.

**Jou kind kan ook ander op die internet boelie. Kyk uit vir die volgende tekens:**

- Die kind hou op om die rekenaar te gebruik of skakel die skerm af sodra iemand naby is.
- Die kind lyk senuweeagtig of vlieg op hy/sy die rekenaar of selfoon gebruik.
- Die kind bestee uitermatig baie tyd op die rekenaar en word ontsteld of kwaad wanneer rekenaar- of selfoonvoorregte beperk of weggeneem word.

\*Samona Naidu werk by die Departement van Justisie en Korrektiewe Dienste.

### WAT IS KUBERAFKNOUERY?

Kuberafknouery is teistering met behulp van elektroniese toestelle soos selfone, rekenars of tablette via sosiale media. Dit kom in die vorm van kwetsende boodskappe, eksplisiete foto's en of video's wat verleentheid kan skep of e-pos wat skade aan ander kan veroorsaak.

### WAT IS SELFOONSEKS?

Selfoonseks is wanneer naak of halfnaakte foto's of video's en seksueel suggestiewe boodskappe via selfoon aan ander toerusting gestuur word. Hierdie soort boodskappe kan as kinderpornografie beskou word, veral waar minderjariges betrokke is.

### HELP OM KUBERAFKNOUERY EN SELFOONSEKS TE KEER

- Ouers word aangemoedig om betrokke te raak en bewus te wees van die tipe tegnologie en sosialemediaplatforms wat kinders gebruik om hierdie tipe inhoud te deel. Kom ons werk saam om selfoonseks en kuberboelies te keer. Meld enigiemand aan wat 'n vermeende oortreder van kuberafknouery of selfoonseks is by die onderstaande nommers.



### WAAR OM HULP TE SOEK OF OM KUBERAFKNOUERY EN SELFOONSEKS AAN TE MELD

- Bel Childline by 080 005 5555
- Bel Lifeline by 011 728 1347
- Meld 'n saak aan by die Suid-Afrikaanse Polisieëring 10111 of 086 001 0111